# JEUGLES: Jabes Gebedsaand

## 1. Praise and Worship

## 2. Instruksies vir die aand:

- Alles gebeur in die grootgroep – ek sal die besprekings lei, en op plekke word goed in die kleingroep bespreek en terugvoer gegee.
- Ons gaan Jabes se gebed bid, maar om dit te doen moet die kinders eers verstaan wat dit beteken, so daar is so paar aktiwiteite wat probeer help daarmee.
- Leiers moet asb Sondag by my boksies en papier kry. Die boksies moet oorgetrek word en Woensdag saamgebring word.
- Die kinders gaan die dele van Jabes se gebed daarop neerskryf en dit saamneem huistoe.

## 3. Ysbreker:

- Gesels gou in julle groepies: hoe lyk iemand / het iemand / of doen iemand in julle oë wat baie belangrik is.
- Vanaand gaan ons sien dat wat ons as belangrik sien, en wat God as belangrik sien nie dieselfde is nie.

# 4. Jabes se gebed: 1 Kronieke 4:9-10

> Jabes het voorrang geniet bo sy broers. Toe sy ma hom die naam Jabes gegee het, het sy gesê: "Ek het hom met smart in die wêreld gebring". Jabes het die God van Israel aangeroep met die woorde: "Stort U seën oor my uit, vergroot my grondgebied, neem my onder U beskerming en weerhou onheil van my sodat geen smart my tref nie" God het laat gebeur wat hy gevra het".

- In die Bybel is daar 'n man met die naam van Jabes. Daar is so klein gedeelte waar sy naam genoem word en ons weet nie veel van hom nie. Al wat ons weet, is dat sy naam hartseer beteken en dat hy gebid het tot God om hom te seën en dat God sy gebed beantwoord het.

- Ons gaan nou Jabes se storie en gebed uit "act" so ek wil hê almal moet mooi luister.

- Daar was lank terug 'n man met die naam Jabes. Hy was baie meer geeërd as al sy broers. Geeërd beteken dat hy baie belangrik was. Kom ons staan almal regop soos wat Jabes dalk gedoen het.

- Jabes se naam het pyn of hartseer beteken. Dit het Jabes seker baie sleg laat voel om te weet dis wat sy naam beteken. Kom ons maak almal ons hartseerste gesig.

- Jabes het gebid dat God hom sou seën en dat sy lewe nie hartseer soos sy naam sou wees nie. Kom ons kniel almal soos Jabes wat bid.

- Jabes het God gevra om sy grondgebied groter te maak. Dit beteken dat hy baie belangrik wou wees sodat hy ook baie kanse sou hê om God se naam groot te maak. Wys vir my hoe groot julle kan wees aangesien Jabes wou hê sy lewe moes groot wees.

- Jabes het gebid dat God se hand met hom sal wees. Jabes het geweet dat hy nie goed in die lewe sou kon doen op sy eie nie. Hy wou hê dat God by hom moet wees om hom veilig te hou en dat hy goeie besluite sou neem. High five die een langs jou.

- Jabes het God gevra om hom veilig te hou en dat die pyn wat sy naam beteken hom nie sou tref nie. Jabes se naam het mos pyn en hartseer beteken en ek is seker hy het nie daarvan gehou nie, want hy het God gevra om hom weg te hou van nog pyn. Glimlag breed, want Jabes was bly om geen pyn te hê nie.

- Toe is Jabes klaar gebid. God het na sy gebed geluister en gedoen soos Jabes gebid het. Hy het Jabes geseën en na hom gekyk en hom weggehou van pyn. Kom ons klap almal hande, want God is goed en Hy het Jabes se gebed beantwoord. God luister ook na ons gebede.

## 5. Stort U seën oor my uit:

- Vraag: wat is 'n seën?
- (Om te seën in die Bybel se sin van die woord beteken om te vra dat bonatuurlike guns aan jou bewys word (dit wat jy nie met jou menslike verstand kan verstaan nie)).

## 6. Vergroot my grondgebied:

**Voordat ons begin laat die kinders op hulle boksies skryf:**

- Jabes se gebed – 1 Kronieke 4:9-10
- Stort u seën oor my uit
- Vergroot my grondgebied

**Aktiwiteit: vergroot my grondgebied**

Laat elke groep in 'n sirkel staan met hulle gesigte na buite. Gee vir elkeen 'n boksie wat die leier met wit papier oorgetrek het om te gooi.

Jabes het gebid dat God hom sou help om sy grondgebied groter te maak. Kom ons laat ons sirkel groei. Elke kind gooi hulle boksie, weg van die sirkel af. Laat elkeen nou gaan staan daar waar dit geland het. Kyk hoeveel groter is die sirkel nou. Gooi weer die boksie verder weg soos spasie toelaat en laat kinders weer daarby gaan staan. Kyk nou is ons sirkel nog groter!

**Process:**

Nou wat beteken dit nou? Wanneer ons bid dat God ons grondgebied vergroot, dan vra ons vir God vir meer geleenthede om 'n verskil vir Hom te maak.

**Bespreek in groepies**: Op watter maniere kan ek 'n verskil vir God maak?

**Bidtyd**: Ons gaan nou vir so 5 minute stilbly en dis nou jou tyd vir dink en bid. Ek wil hê JY moet nou dink waar (huis, skool, familie ens.) en hoe (vertel van Jesus ens.) jy graag 'n verskil vir God

wil maak. Wanneer jy daaroor besluit het, dan bid jy en vra jy vir God om jou grondgebied bv. by die skool te vergroot deur jou te help om ‘n verskil vir Hom te maak, deur vir jou geleenthede te skep om van Hom te getuig, en kinders van Hom te vertel. Of dat Hy jou grondgebied daar waar jy bly sal vergroot deur vir jou geleenthede te skep dat jy jou huismense en familie van Hom sal vertel en oor Hom sal getuig.

## 7. Neem my onder U beskerming:

Laat die kinders dit gou op hulle boksies skryf.

**Wanneer ons bid vir God se beskerming, dan bid ons dat God Sy hand oor ons sal hou.**

**Aktiwiteit: God se hand oor ons**

Laat elke kind hul hand “trace” op karton. Hulle kan dit by die huis gaan uitknip – laat hulle hul name binne-in die hand skryf.

**Process:**

Onthou ons het aan die begin gesê dat as ons God se seën oor ons bid, dan vra ons vir bonatuurlike guns van God. Dis iets wat ons nie met ons verstand eers kan dink hoe dit lyk of hoe dit werk nie, so groot is dit.

Dan bid ons verder dat God ons grondgebied moet vergroot sodat ons ander van Hom kan vertel en ‘n verskil vir Hom maak. Dis GROOT goed hierdie – en as jy Jabes se gebed klaar lees, dan staan daar - God het laat gebeur wat hy gevra het”.

So nou werk dit so, as jy ernstig is oor dit wat jy bid, gaan jy dit nie alleen kan doen nie, jy gaan God HEELTYD langs jou nodig hê om jou te help en jou te beskerm, en dis hoekom ons vra vir God se hand oor ons – vir SY beskerming.

**Bidtyd**: Ons gaan nou weer stilword, en julle gaan weer die kans kry om bietjie te dink en te bid. Wat hier baie belangrik is, is dat jy dit nie alleen kan doen nie, jy het God se hulp nodig – jy is m.a.w. afhanklik van HOM. In jou gebed sê vir Hom dat jy graag ‘n verskil vir Hom wil maak, maar dat jy ook weet jy gaan dit nie sonder Sy hulp kan doen nie. Dat Hy geleenthede vir jou sal beskerm, dat Hy jou sal beskerm teen mense se gespot en wat hulle dalk van jou mag sê wanneer jy vir Hom iets wil doen.

## 8. Weerhou onheil van my sodat geen smart my tref nie:

Laat die kinders dit gou op hulle boksies skryf.

**Aktiwiteit: Hou Jabes veilig**

Gee vir elke groepie ‘n leë, dun nek bottel. Knip die prentjie van Jabes uit en plaas dit aan die binnekant van die bottel. Neem ‘n stukkie papier en maak ‘n balletjie daarvan. Hou jou bottel horisontaal en plaas die balletjie papier net so in die nek van die bottel.
Gee elke kind in die groep ‘n kans om te probeer om die balletjie in die bottel in te blaas sonder om die bottel uit die horisontale posisie te beweeg.

Die kinders sal nie die balletjie kan inblaas nie.  Inteendeel, die papier sal eerder uitskiet.  Hoe harder iemand blaas, hoe vinniger en verder weg sal die papiertjie van Jabes vlieg.

**Process:**

Daar is reeds lug in die "leë" bottel en wanneer iemand meer lug in die bottel blaas veroorsaak dit dat lugdruk binnekant die bottel nou hoër is as die buitekant.  Dus skiet die papiertjie uit.

Laastens het Jabes vir God gevra om hom te beskerm sodat geen slegte dinge (versoekings) met hom gebeur nie, dat God dit van hom sal weghou.

**Bidtyd**:  Net soos die balletjie nie by Jabes kon uitkom nie, gaan ons nou ook die laaste stukkie van Jabes se gebed bid en God vra om ook die slegte dinge van ons weg te hou, sodat ons nie seerkry nie.

**Afsluiting:  Bid soos Jabes**

Jabes het 'n gelukkige lewe gehad. Hoekom het Jabes so 'n geseënde lewe gehad?  (Jabes het gebid tot God om hom te seën en God het na sy gebed geluister.)

God het Jabes geseën oor Jabes in God geglo het en geweet het dat God die enigste God is.  As God dit vir Jabes kon doen, dink julle Hy kan dit vir ons ook doen?  Natuurlik kan Hy!  Wanneer ons bid, hoor God ons.  Soms gebeur dinge nie dadelik nie, maar dan moet ons net aanhou om te bid en te glo in God.

Kom ons bid nou saam in ons groepies en ons sê dankie vir God dat Hy ons hoor wanneer ons bid.

**Prentjie van Jabes – knip uit en sit in jou botteltjie met die dun nekkie.**

